# *Van Bukarest tot Budapest!*

# OOS-EUROPESE GROEPSTOER

*Roemenië ~ Bulgarye ~ Serwië ~ Hongarye*

## 17 – 30 September 2025

**Kom beleef van die mooiste ongerepte dele van *Oos-Europa* met ons 14-dae bustoer teen die spesiale groepstarief van R53 990 per persoon. Twee etes per dag, alle besigtigingskostes en vele meer is ingesluit.**

## Reisplan

**Dag 1: Woensdag, 17 September** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg na Europa. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Donderdag, 18 September** **→ BUKAREST → BRASOV**
Na ontbyt land ons in die hoofstad van **Roemenië, Bukarest.** Ons ry noordwaarts na **Brasov**, 'n pragtige Middeleeuse dorp. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Cubix Hotel***. Daar is vrye tyd om die stad te verken. Om 19:00 sit ons aan vir aandete in ons hotel.

**Dag 3, Vrydag, 19 September** **BRASOV → BRAN → BRASOV**
Na ontbyt besoek ons die hoogtepunte van die historiese ou stad van Brasov met 'n plaaslike toergids. Ons besoek onder andere die *Black Church* (toegangsgeld ingesluit). Daar sal ook vrye tyd wees om die interessante winkels in die voetgangerstraat te besoek.
Daarna vertrek ons bus na **Bran**, ongeveer 30 km vanaf Brasov. Ons besoek die *Bran Kasteel* (toegangsgeld ingesluit), wat in 1377 gebou is en waar *Vlad the Impaler* vir 'n tydperk gevange gehou was. Besluit maar self of die oorleweringe van Dracula waarheid of mite is! Aandete om 19:00 in ons hotel.

**Dag 4: Saterdag, 20 September** **BRASOV → BUKAREST**
Na ontbyt vertrek ons na Roemenië se hoofstad, **Bukarest**. *Flower-festooned parks, gardens and wide boulevards shaded by century-old tress contribute to Bucharest's beauty!* Vroegmiddag ontmoet ons 'n plaaslike toergids vir besigtiging van die stad. Toegangsgeld vir die indrukwekkende Parlementsgebou, die tweede grootste gebou in die wêreld (naas die Pentagon in Amerika), is ingesluit. Die gebou, in opdrag van die diktator Ceaucescu gebou, beslaan 324 000 vierkant meters, met twaalf vloere bokant die grond en agt vloere onder die grond! Sien ook die *University Square* en die voormalige Kommunistiese Hoofkwartiere. Ons bly oor in die sentraalgeleë ***Minerva Hotel***, geleë naby die historiese ou stad. Aandete om 19:00 in ons hotel.



*Brasov, Roemenië*



*Bukarest, Roemenië se statige hoofstad*

**Dag 5: Sondag, 21 September** **BUKAREST → VELIKO TARNAVO**
Na nog 'n smaaklike ontbyt moet ons Bukarest en Roemenië groet. Ons ry suidwaarts oor die Danube-brug na **Bulgarye.** Vroegmiddag arriveer ons in die historiese hoofstad van Bulgarye, **Veliko Tarnavo,** bekend as die stad van die Tsars. Die stad is 200 km vanaf Bukarest en 220 km vanaf Sofia geleë. Ons het vanmiddag tyd om te stap in Gurkostraat met sy mooi gerestoureerde geboue. Dit is 'n regte kunstenaarsdorp! Oornag en aandete in die ***Yantra Grand Hotel***. Die hotel is 'n kulturele monument met 'n mooi uitsig oor die Yantra-rivier en die *Tsaravets Fortress*.

**Dag 6: Maandag, 22 September** **VELIKO TARNAVO →SOFIA**
Na ontbyt ontmoet ons 'n plaaslike toergids vir 'n besoek aan die interessante *Tsaravets Fortress* (toegangsgeld ingesluit). Daarna vertrek ons oor die Balkan-berge na **Sofia**, die hoofstad van Bulgarye. Ons bly die volgende twee aande oor in die ***Central Park Hotel.*** Ons hotel is teenaan die voetganger-inkopiestraat, *Vitosha-straat*, geleë. Daar is interessante winkels en dosyne koffie- en eetplekke om tussen te kies! Aandete om 19:00 in ons hotel.

**Dag 7: Dinsdag, 23 September** **SOFIA**

Na ontbyt ontmoet ons ‘n plaaslike toergids vir besigtiging van hierdie interessante stad. Sien onder andere die Parlementsgebou, Alexander Nevsky Katedraal, St.George Rotonda Kerk, die Nasionale Teater en die besondere Boyana Kerk (toegangsfooi ingesluit). Die Boyana Kerk dateer uit die elfde eeu en is onlangs gerestoureer. Dit is ‘n *UNESCO World Heritage Site*. Ons het die middag vry vir verdere besigtiging en inkopies. By haar inwoners staan Sofia bekend as die stad wat groei, maar nooit verouder nie! Aandete om 19:00 in ons hotel.



*Veliko Tarnavo, Bulgarye*



*Die outentieke Boyana kerk in Sofia dateer uit die elfde eeu*

**Dag 8: Woensdag, 24 September** **SOFIA → NIS → BELGRADO**

Vanoggend is dit tyd om Bulgarye te groet! Na ontbyt vertrek ons weswaarts na die grens met **Serwië**. Ons besoek **Nis**, die derde grootste stad in Serwië. Daar is tyd om die stad en sy imposante Fort te besoek. Ons bus gaan ook stop by die “*Skull Tower*”, ‘n unieke monument van menslike kopbene deur die Turke opgerig in 1809.
Ons reis verder noordwaarts na Serwië se hoofstad, **Belgrado**, waar ons die volgende twee nagte oorbly in die sentraalgeleë ***Prag Hotel.*** Ons het vrye tyd om die stad te verken, waarna ons om 19:00 saam eet.

**Dag 9: Donderdag, 25 September** **BELGRADO**

Na ontbyt het ons ‘n baie intrerressante stadstoer van Belgrado saam met ons plaaslike toergids. Ons besoek die hoogtepunte van die stad: die St Sava Kerk, Terazije Straat en die Nasionale Teater in Republiekplein. Ons eindig die besigtigingstoer by die imposante Kalemegdan Fort, geleë waar die Sava- en Danube-riviere bymekaarkom.
Vanmiddag het ons tyd om die stad verder te verken. Daar is ook ‘n baie interessante voetgangerstraat digby ons hotel. Aandete in ons hotel.



*Belgrado se lewendige voetgangerstraat*



*Novi Sad in noordelike Serwië*

**Dag 10: Vrydag, 26 September** **BELGRADO → NOVI SAD → SZEGED**

Na ontbyt vertrek ons verder noordwaarts. Ons besoek **Novi Sad** (ongeveer twee uur se ry vanaf Belgrado) en het tyd om die mooi stad te verken. Daarna reis ons ‘n verdere twee uur na **Szeged**, geleë net nadat ‘n mens die grens tussen Serwië en Hongarye oorsteek. Ons het vanmiddag vrye tyd om die stad te verken. Szeged het ‘n imposante Katedraal en is bekend vir sy heerlike salami! Aandete en oornag in die ***Hunguest Hotel Forras***

**Dag 11: Saterdag, 27 September** **SZEGED → KECSKEMET → BUDAPEST**

Na ontbyt ontmoet moet ons Szeged groet. Ons reis noordwaarts deur die Hongaarse platteland na die interessante **Kecskemet**, waar ons stop vir besigtiging en iets te drinke. Vroegmiddag arriveer ons in Hongarye se hoofstad, **Budapest**. Ons bly die volgende twee nagte oor in die baie sentraalgeleë ***Mercure Budapest City Center Hotel***. Daar is tyd om die area rondom ons hotel te verken. Aandete in ons hotel om 19:00.

**Dag 12: Sondag, 28 September** **BUDAPEST**

Na ontbyt vertrek ons met ‘n plaaslike gids om die hoogtepunte van die stad, geleë aan weerskante van die Danube-rivier, te sien. Ons besoek onder andere die *Fishermen Bastion* en *Matthias Kerk* in die Buda-deel van die stad (toegangsfooie ingesluit) en sien die impossante Hongaarse Parlementsgebou aan die Pest-kant. Aandete om 18:30 in ons hotel. Daarna vertrek ons met ons bus na die Danube-rivier vir ‘n onvergeetlike bootrit! Dit is ‘n goeie manier om ons toer vanaf ***Bukarest tot Budapest*** mee af te sluit.



*Die Votive-kerk in Szeged*



*Budapest se Parlementsgebou langs die Donou-rivier*

**Dag 13: Maandag, 29 September** **BUDAPEST →**
Na ontbyt het ons 'n laaste dag om hierdie interessante stad te ervaar. Daar is tyd vir verdere besigtiging of laaste inkopies. Vroegmiddag vertrek ons na die Budapest-lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**Dag 14: Dinsdag, 30 September** **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike twee-weke avontuur ***Van Bukarest tot Budapest***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas van Johannesburg na Bukarest en van Budapest na Johannesburg.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer met 'n bekwame bus-operateur vir twaalf dae, met alle tol- en parkeringsgelde ingesluit.
- ✓ Bystand om so maklik as moontlik deur die grensposte te beweeg.
- ✓ Verblyf vir elf nagte in spesiaal uitgesoekte, sentraalgeleë hotelle (soos in die reisplan aangedui).
- ✓ Volle ontbyt en aandete elke dag.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ 'n Aand-bootrit op die Danube-rivier in Budapest, met sjampanje of vrugtesap
- ✓ Besigtigingstoere met plaaslike, Engelssprekende toergidse in *Brasov*, *Bran*, *Bukarest*, *Veliko Tarnavo*, *Sofia*, *Belgrado* en *Budapest*.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die voorlopige toerkoste van **R53 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Junie 2024. Dit is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Ons het twee visums vir die toer nodig: 'n Schengen-visum teen €90 en 'n Serwiese visum teen R1 240. Gelukkig kan ons almal se Serwiese visums saam as groep reël en is dit nie nodig om self na die Serwiese Ambassade te gaan nie. Ons sal ook help met die aansoekvorms en stawende dokumente vir elke toerlid vir die Schengen-visum.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang, beloop **R12 280**.
- Omvattende groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R360** vir die twaalf dae (vir diegene ouer 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 36 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R6 800** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 31 Mei 2025** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: OOSEUROPA/ en u van
Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995